Government Gazette
Staatskoerant
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 438 Cape Town, Kaapstad, 7 December Desember 2001 No. 22910

## THE PRESIDENCY

No. 1311 7 December 2001

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 33 of 2001: Postal Services Amendment Act, 2001.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 1311 7 Desember 2001

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 33 van 2001: Wysigingswet op Posdienste, 2001.**

AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 4 December 2001.)*

# ACT

**To amend the Postal Services Act, 1998, so as to amend the definition of Regulator; to make fresh provision for the composition of the Postal Regulator; and to enable the postal company to provide insurance of mail and postal articles; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 124 of 1998**

**1.** Section 1 of the Postal Services Act, 1998 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "Regulator" of the following definition:

" 'Regulator' means the **[Directorate: Postal Regulation contemplated in]** Postal Regulator established by section 3(1);".

**Amendment of section 3 of Act 124 of 1998**

**2.** Section 3 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) A **[Regulator]** Directorate: Postal Regulation to be known as the **[Directorate: Postal Regulation]** Postal Regulator is hereby established within the Department."; and

(*b*) by the deletion of subsection (5).

**Amendment of section 4 of Act 124 of 1998**

**3.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsections:

"(1) The Regulator consists of **[two persons, of whom]**—

(*a*) **[one must be the most senior officer in the Postal Policy Division of the Department, who must be designated the Chairperson of the Regulator, or, subject to subsection (2), an officer acting in his or her position]** a Chairperson appointed by the Minister for a period of no more than five years; and

## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 4 Desember 2001.)*

# WET

**Tot wysiging van die Posdienstewet, 1998, ten einde die omskrywing van die Reguleerder te wysig; opnuut vir die samestelling van die Posdiensreguleerder voorsiening te maak; en die posmaatskappy in staat te stel om versekering vir pos en posstukke te verskaf; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

### Wysiging van artikel 1 van Wet 124 van 1998

**1.** Artikel 1 van die Posdienstewet, 1998 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van "Reguleerder" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'Reguleerder' die **[Direktoraat: Posregulering beoog in]** Posdiensreguleerder ingestel kragtens artikel 3(1);"

### Wysiging van artikel 3 van Wet 124 van 1998

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n **[Reguleerder]** Direktoraat: Posdiensregulering binne die Departement word **[hiermee]** hierby ingestel wat as die **[Direktoraat; Posregulering]**, 'Posdiensreguleerder' bekend staan."; en

(*b*) subartikel (5) te skrap.

### Wysiging van artikel 4 van Wet 124 van 1998

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikels te vervang:

"(1) Die Reguleerder bestaan uit **[twee persone van wie]**—

(*a*) **[een die mees senior beampte in die Posbeleidsafdeling van die Departement is, wat as voorsitter van die Reguleerder aangewys word, of, behoudens subartikel (2), 'n beampte wat in sy of haar pos waarneem]** 'n Voorsitter wat vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar deur die Minister aangestel word; en

(*b*) **[die ander een 'n bekwame en gepaste persoon met toepaslike kwalifikasies deur die Minister vir 'n tydperk van nie langer nie as vyf jaar, aangestel word]** twee beamptes van die Departement deur die Minister aangewys, van wie een as die ondervoorsitter aangewys moet word.

*(b)* **[the other must be a fit and proper person with appropriate qualifications appointed by the Minister for a period of not more than five years]** two officers of the Department designated by the Minister, one of whom must be designated as the deputy chairperson.

(1A) The Chairperson appointed in terms of subsection (1)*(a)* must be a fit and proper person with appropriate qualifications.

(1B) Whenever the Chairperson is absent or unable to perform his or her duties, the deputy chairperson contemplated in subsection (1)*(b)* must act in his or her stead and when so acting, may perform any function of the Chairperson.".

**Substitution of section 5 of Act 124 of 1998**

**4.** The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

**"Reappointment and termination**

**5.** The Minister may—

*(a)* reappoint the person appointed in terms of section 4(1)*(a)* upon the expiry of his or her term of office; and

*(b)* terminate the appointment of such person in accordance with the procedures applicable to State employees if there are sound reasons to terminate the appointment.".

**Substitution of section 17 of Act 124 of 1998**

**5.** The following section is hereby substituted for section 17 of the principal Act:

**"Duration of licence**

**17.** Subject to section **[16(7)]** 16(3), a licence issued in terms of this Act is valid for the period prescribed or for such shorter period as may be determined by the Regulator in any particular case and stipulated in the licence at the time of issue thereof.".

**Insertion of section 30A in Act 124 of 1998**

**6.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 30:

**"Insurance of mail and postal articles**

**30A.** The postal company may provide for the insurance of mail or postal articles subject to such terms and conditions as may be prescribed, and may enter into an agreement with any postal authority for the reciprocal exchange of insured mail or postal articles.".

**Amendment of section 35 of Act 124 of 1998**

**7.** Section 35 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the words following upon paragraph *(c)* of the following words:

"must be sent to the office known as the returned letter office or any authorised branch of such office and dealt with as may be determined by the postal company.".

**Amendment of section 80 of Act 124 of 1998**

**8.** Section 80 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Any person who operates a postal service except **[in terms of]** in accordance with this Act **[or]** and in terms of a licence or registration certificate issued to that person in terms of this Act is guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding **[two]** five years or to both a fine and such imprisonment.".

<u>(1A) Die Voorsitter aangestel ingevolge subartikel (1)*(a)* moet 'n bekwame en gepaste persoon met toepaslike kwalifikasies wees.</u>

<u>(1B) Wanneer die Voorsitter afwesig is of nie in staat is om sy of haar pligte uit te voer nie, moet die ondervoorsitter beoog in subartikel (1)*(b)* optree in sy of haar plek en wanneer hy of sy aldus optree, kan hy of sy enige werksaamheid van die Voorsitter verrig.</u>".

**Vervanging van artikel 5 van Wet 124 van 1998**

**4.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Heraanstelling en beëindiging**

<u>**5.** Die Minister kan—</u>

<u>*(a)* die persoon wat ingevolge artikel 4(1)*(a)* aangestel is, heraanstel na verstryking van sy of haar ampstermyn; en</u>

<u>*(b)* die aanstelling van sodanige persoon beëindig in ooreenstemming met die prosedures van toepassing op Staatswerknemers indien goeie redes bestaan om die aanstelling te beëindig.</u>".

**Vervanging van artikel 17 van Wet 124 van 1998**

**5.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"**Lisensietermyn**

**17.** Behoudens **[artikel 16(7)]** <u>artikel 16(3)</u> bly 'n lisensie uitgereik ingevolge hierdie Wet geldig vir die voorgeskrewe termyn of vir die korter termyn wat die Reguleerder in enige bepaalde geval bepaal en in die lisensie tydens die uitreiking daarvan vermeld.".

**Invoeging van artikel 30A in Wet 124 van 1998**

**6.** Die volgende artikel word hierby na artikel 30 van die Hoofwet ingevoeg:

"**Versekering van pos en posstukke**

<u>**30A.** Die posmaatskappy kan voorsiening maak vir die versekering van pos of posstukke behoudens die bedinge en voorwaardes wat voorgeskryf word, en kan 'n ooreenkoms aangaan met enige posowerheid vir die onderlinge uitruil van versekerde pos of posstukke.</u>".

**Wysiging van artikel 35 van Wet 124 van 1998**

**7.** Artikel 35 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat op paragraaf *(c)* volg deur die volgende woorde te vervang:

"na die kantoor bekend as die kantoor van onafgelewerde briewe <u>of enige gemagtigde tak van sodanige kantoor</u> gestuur en mee gehandel soos deur die posmaatskappy bepaal.".

**Wysiging van artikel 80 van Wet 124 van 1998**

**8.** Artikel 80 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) 'n Persoon wat 'n posdiens bedryf, behalwe **[ingevolge]** <u>in ooreenstemming met</u> hierdie Wet **[of]** <u>en</u> ingevolge 'n lisensie of registrasiesertifikaat aan daardie persoon ingevolge hierdie Wet uitgereik, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens **[twee]** <u>vyf</u> jaar of met sowel 'n boete as daardie gevangenisstraf.".

### Amendment of Schedule 1 to Act 124 of 1998

**9.** Schedule 1 to the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in item 1 for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* all letters, postcards, printed matter, small parcels and other postal articles subject to the mass **[and]** or size limitations **[of paragraph]** set out in item 3;";

*(b)* by the substitution for items 2 and 3 of the following items, respectively:

"2. For **[the]** purposes of this Schedule, a letter means any form of written communication or other document, article or object that is directed to a specific person or persons or specific address and is to be conveyed other than by electronic means and includes a parcel, package or wrapper containing any such communication or article conforming to the mass **[and]** or size limitations set out in **[paragraph]** item 3.

3. The reserved postal services include all items described in **[paragraphs]** items 1*(a)* and 2 of a mass up to and including one kilogram **[as well as dimensions]** or size which **[enable]** enables it to fit into a rectangular box with the following dimensions:

length 458 mm
width 324 mm
thickness 100 mm

Cylinders having a maximum length of 458 mm and 100 mm thickness **[and]** or a mass of up to one kilogram are regarded as letters."; and

*(c)* by the deletion of paragraph *(d)* of item 4.

### Amendment of Schedule 2 to Act 124 of 1998

**10.** Schedule 2 to the principal Act is hereby amended by the substitution in item 1 for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* all letters, postcards, printed matter, small parcels and other postal articles **[larger or heavier than the dimensions set out in item 3 of Schedule 1]** that fall outside the ambit of the reserved services set out in Schedule 1 up to and including thirty kilograms;".

### Substitution of certain words in Act 124 of 1998

**11.** The principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in section 9(1) for the word "him" of the expression "him or her"; and

*(b)* by the substitution in section 60(4) for the word "he" of the expression "he or she".

### Transitional provision

**12.** (1) The Minister may require the person employed in terms of section 4(1)*(b)* of the principal Act immediately before the commencement of this Act to remain in office until the expiry of the person's term of office.

(2) In that event, that person must serve as deputy chairperson of the Postal Regulator established by section 3(1) of the principal Act in place of one of the officials contemplated in section 4(1)*(b)* of the said Act until the expiry of the person's term of office, subject to subsection (3).

(3) The Minister may at any time terminate the employment of that person in accordance with applicable laws.

### Short title

**13.** This Act is called the Postal Services Amendment Act, 2001.

### Wysiging van Bylae 1 by Wet 124 van 1998

**9.** Bylae 1 by die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* van item 1 deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* alle briewe, poskaarte, drukwerk, klein pakkies en ander posstukke behoudens die gewigs- **[en]** of groottebeperkings **[van paragraaf]** soos uiteengesit in item 3;";

*(b)* deur items 2 en 3 deur onderskeidelik die volgende items te vervang:

"2. By die uitleg van hierdie Bylae beteken 'n brief enige vorm van geskrewe kommunikasie of ander dokument, artikel of voorwerp gerig aan 'n bepaalde persoon of persone of 'n bepaalde adres en wat op 'n ander wyse as deur die elektroniese middele oorgedra moet word, met inbegrip van 'n pakkie, pakket of adresband bevattende enige sodanige kommunikasie of artikel wat voldoen aan die gewigs- **[en]** of groottebeperkings **[van paragraaf]** uiteengesit in item 3.

3. Die gereserveerde posdienste sluit alle items in wat in **[paragrawe]** items 1*(a)* en 2 uiteengesit is van 'n massa tot en met een kilogram **[en]** of 'n grootte wat **[in staat is]** dit in staat stel om in 'n reghoekige houer met die volgende afmetings in te pas:

lengte 458 mm
wydte 324 mm
dikte 100 mm

Silinders met 'n maksimum lengte van 458 mm en 'n dikte van 100 mm of wat tot en met een kilogram weeg, word as briewe gereken."; en

*(c)* deur paragraaf *(d)* van item 4 te skrap.

### Wysiging van Bylae 2 tot Wet 124 van 1998

**10.** Bylae 2 by die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van item 1 deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* alle briewe, poskaarte, drukwerk, klein pakkies en ander posstukke **[swaarder of groter as die afmetings uiteengesit in item 3 van Bylae 1]** tot en met dertig kilogram wat buite die omvang van die gereserveerde dienste uiteengesit in Bylae 1, val;".

### Vervanging van sekere woorde in Wet 124 van 1998

**11.** Die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in artikel 9(1) die woord "hom" deur die uitdrukking "hom of haar" te vervang; en

*(b)* deur, in die Engelse teks, in artikel 60(4) die woord "he" deur die uitdrukking "he or she" te vervang.

### Oorgangsbepalings

**12.** (1) Die Minister kan van die persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet ingevolge artikel 4(1)*(b)* van die Hoofwet in diens is, verlang om in sy of haar pos aan te bly tot met die verstryking van sy of haar ampstermyn.

(2) In daardie geval, moet daardie persoon dien as die ondervoorsitter van die Posreguleerder, ingestel by artikel 3(1) van die Hoofwet, in die plek van een van die amptenare beoog in artikel 4(1)*(b)* van die gemelde Wet tot met die verstryking van die persoon se ampstermyn, behoudens subartikel (3).

(3) Die Minister kan te eniger tyd die diens van daardie persoon beëindig in ooreenstemming met toepaslike wette.

### Kort titel

**13.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Posdienste, 2001.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5500
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5500